VRAE:

1. Waarom word die woorde "Ek is hier om jou . . . " aan die begin van elke strofe herhaal? Sê dus wat die funksie van die herhaling is.
   Ek-spreker wat haar laaste eer wil betoon. (2)

2. Skryf die voorbeeld van alliterasie neer uit versreël 3. (1)
   Die welige groen gras onder die groot eikeboom

3. Wat is die doel van die vraagteken aan die einde van die sin in versreël 4? (1)
   Dis 'n retoriese vraag . Sy wil weet of die plek wat sy gekies reg is.

4. 'Ek is hier om jou weg te skeur'
   4.1 Waarvandaan moet die spreker haar wegskeur? (1)
   Sy neem haar weg van al die rassistiese opmerkings en mense wat haar aangegluur het.

5. Wat is die doel van die uitroepteken in versreël 8? (1)
   Dis vrolik/gelukkig

6. Waarvan wil die spreker Sara Baartman verlos deur haar huis toe te bring? (strofe 2) (1)
   Van die snydende oe van die rassistiese monster.

7. Waar is die 'huis' waarheen die spreker haar wil neem? Haal 'n frase uit die tweede laaste strofe aan.
   Teen die voet van die berg. (1)

8. Watter kontras vind ons in versreël 13 en 14. (1)
   Die onskuldige Sara se siel word vergelyk met satan en die skuldige rasistiese se siel vergelyk met God.

9. Wat is die verskil tussen hoe die spreker Sara Baartman sien en hoe 'die snydende oë' haar gesien het? (2)
   Die spreker onthou Sara se skoonheid terwyl die snyende oë haar as satan sien.

10. Haal een voorbeeld van **personifikasie** uit die tweede laaste strofe aan. (1)
    "Daar sing die rivier 'n verwelkomingslied.

11. Kies die korrekte antwoord en skryf die vraagnommer en die letter neer.

Waarna verwys die "bed" in versreël 5?

A huis
B graf
C slaapplek
D boom (1)

12. Verduidelik die teenstelling tussen strofe 2 en 3.
In strofe 2 vertel hulle van die onmenslike behandeling van Sara./boosheid van die mens wat haar verneder het.
In strofe 3 word sy getroos./Edelheid van die mens wat haar troos en eer Betoon.

13. Waarom is "Ek het jou bed berei" en "proteas pronk" is 'n meer geslaagde keuse as "Ek het jou bed gemaak" en "proteas spog"?
Alliterasie... **b**ed **b**erei, **p**roteas **p**ronk = meer musikaal/musical

14. Kies die regte antwoord.

Die gedig het geen vaste rympatroon nie. So 'n gedig is 'n...

A onvoltooide gedig
B vrye vers
C ontrymde gedig
D vaste vers (1)

15. Wie is die persoon wat hulde bring aan Sara Baartman? (1)

Ek-spreker/Kan die digter wees

16. Watter vernedering moes Sara Baartman beleef? (1)

Haar liggaam was ten toon gestel vir die publiek.

17. Watter lewensles leer ons uit die gedig? (1)

Om nie te oordeel nie.

God het die mens geskape, maak nie saak hoe ons liggaam lyk nie.

God het ons almal lief.

Moenie net na iemand se liggaam kyk nie, kyk na die innerlike.